

JOHN GEORGE FRASER: DIE ROL VAN 'N ENGELSTALIGE IN DIE VRYSTAAT (1840-1927)

John George Fraser is as die oudste van nege seuns op 17 Desember 1840 uit die huweliks van ds. Colin en mev. Anna Amelia Fraser te Beaufort-Wes gebore. Op elfjarige ouderdom besluit sy vader om hom en sy ouer broer, Colin, vir verdere opvoeding na Brittanje te stuur waar hulle onderrig ontvang te Inverness, Skotland. In 1856 besluit John om in die medisyne te studeer en skryf aan die Marischal Kollege en Kings Kollege, Aberdeen, in. Na 'n tydperk van vier jaar studie raak sy finansies eger uitgeput en word hy gedwing om na Suid-Afrika terug te keer.

In the Transvaal en die Oranje-Vrystaat het op hierdie tydstip 'n geweldige tekort aan mannekrag geheers en Fraser word gevolglik toegelaat om as geneesheer in die Vrystaat te kom praktiseer. Hy volg sy broer na Philippolis in 1863 waar hy spoedig 'n florerende praktyk opbou. In 1864 aanvaar hy Vrystaatse burgerskap en beklee die rang van kaptein in die vrywilligers grenswag.

Tydens die Basoeto-oorlog van 1866 dien hy as Veldkornet in die Philippoliskommando en bestorm Thaba Bosigo saam met Komdt. Louw Wepener en sy vrywilligers.

'n Hartaandoening laat hom hierna sy praktyk vaarwel toeroep en hy vestig hom in die distrik as boer. In 1866 tree hy in die huwelik met mej. Dorothea Ortlepp en uit die verbintenis is ses dogters en vyf seuns gebore.

Die stryd met die Basoeto's het ongelukkig vir Fraser 'n slegte nadraai gehad. Gedurende 1867 vind verdere grensinsidente met die Basoeto's plaas. Hieruit blyk dit duidelik dat hulle nie met die grensreëling tevrede is nie en besig is met voorbereidsels vir 'n verdere aanslag op die Vrystaat. In lig van hierdie bedreiging het 'n aantal vooraanstaande persone in Bloemfontein bymekaar gekom en besluit om 'n memorandum op te stel ten einde die aangeleentheid onder die aandag van die Britse Hoë Kommissaris te bring en te vra dat die onafhanklike voortbestaan van die Vrystaat in hersiening geneem moet word. Hulle wys verder op die onveilige toestand waarin die burgers en hul eiendom verkeer, op die groot tekort aan mannekrag in die gebied, op die swak finansies en algemene gebrek aan die nodige voorrade in die staat. 'n Afskrif van die memorandum word ook in Philippolis gesirkuleer en o.a. deur Fraser geteken.

Hierdie stap van Fraser het hom in latere jare geweldige kritiek laat verduur.¹ As verontskuldiging voer hy aan dat hy haastig was, die inhoud van die memorandum nie deeglik deurgelees het nie en dat hy daarby nog jonk en onervare was en dus nie vir sy dade te skerp veroordeel kan word nie.² Die Vrystaters het geglo dat hierdie 'n daad van verraad was en dat hy, deur die memorandum te onderteken, hom verenselwig het met die-

1. Van der Merwe, N. J., *Marthinus Theunis Steyn*, deel I, p. 63.

2. Fraser, J. G., *Episodes in my Life*, p. 57.

gene wie se strewende dit was om die politieke kaart van Afrika van die Kaap tot Kairo rooi te kleur.

Teen 1867 tree Fraser in die staatsdiens en wel as klerk van die landdroskantoor te Philippolis. Hy lewer spoedig bewys van sy bekwaamheid en tree in 1869 in dieselfde hoedanigheid ook te Boshof op, terwyl hy in 1871 te Jacobsdal as waarnemende landdros ageer. Met sy terugkeer na Boshof neem hy weer as waarnemende landdros waar en kry nou met vele probleme i.v.m. die diamantvraagstuk te doen. Gedurende Julie 1871 word hy na Bloemfontein ontbied en aangestel as private sekretaris van president Brand.³ Hierdie aanstelling het veroorsaak dat hy nie slegs 'n groot bewondering vir die President ontwikkel het nie, maar ook een van sy mees getrouste ondersteuners word. Die tydperk van persoonlike kontak met hierdie sterk persoonlikheid het dan ook 'n groot invloed op sy latere lewe gelaat.

In die tussentyd het Fraser homself in die studie van die regte verdiep en nadat hy die nodige eksamens afgelê het, open hy gedurende 1877 in Bloemfontein 'n praktyk as prokureur. Bedeeld met 'n flinke en heldere verstand en instaat om sy denke op duidelike en oortuigende wyse in Engels sowel as Nederlands te formuleer, slaag hy spoedig daarin om die vertroue van die inwoners van die gebied te wen en 'n vooruitstrewende praktyk op te bou.

Sy welsprekendheid en beredeneerdheid vestig die aandag nie alleen slegs op sy professionele dienste nie, maar het ook tot gevolg dat hy in 1880 deur die inwoners van die wyk Knapzakrivier, Philippolis, as verteenwoordiger in die Volksraad verkies word.⁴ In 1881 is hy tot verteenwoordiger vir Bloemfontein stad verkies.⁵ Dit was hier waar die talente en grootsheid wat in hom as persoon geskuil het tot volle ontlooiing gekom en hom een van die mees prominente en vooraanstaande figure van die Vrystaat gemaak het. In die Volksraad dien hy eers as gewone lid en later vir 12 jaar as geëerde voorsitter. Fraser was tiperend van die manne wat gehelp het om die Vrystaat tot 'n model-republiek uit te bou. Dit geskied nie alleen deur bekwaamheid nie, maar ook deur durf en daadkrag, eienskappe wat ook in die persoonlikheid van Jan Brand gereflekteer is.

Maar Brand en Fraser het meer as net bepaalde karaktertrekke in gemeen gehad. Beide het in die oorheersende Britse klimaat van die Kaap opgegroeï en het aan opvoedkundige inrigtings gestudeer wat die gees van Britse beginsels en standaarde geadem het. Hierdie gemeenskaplikheid het ook nog oor die politieke terrein getrek: al twee voel die ideaal aan om die Vrystaat as 'n onafhanklike en onverbonde Republiek te handhaaf en verset hulle teen die pogings tot nuere vereniging met die Transvaal.⁶ Oor dié ideaal glo Fraser, soos Brand, dat die onderskeie gebiede nog nie

3. *Ibid.*, p. 62.

4. *Notule van die Vrystaatse Volksraad*, 3 Mei 1880, p. 5.

5. *Ibid.*, 17 Feb. 1881, p. 5.

6. Jacobs, D. S., *Abraham Fischer in sy Tydperk*, p. 251.

ryp vir so 'n stap is nie en dat dit nie oorhaastig op hulle afgedwing moet word nie.⁷

Die era van Brand se regering het 'n tydperk van groot voorspoed vir die Vrystaat meegebring en daar is op besondere wyse omgesien na die belange van die inwoners en die ontwikkeling van die staat. Die prikkel wat op die wyse van regeringskant uitgegaan het, het hom op 'n terrein laat geld wat nog Brand, nog Fraser voorsien het. Stabiliteit en groei het meegebring 'n nuwe gewaarwording onder die volk, 'n gevoel wat hom spoedig as die van nasionalisme gekenmerk het. Dit het in hierdie omstandighede onbewus begin wortelskiet en geleidelik tot wasdom gekom. Van die vernaamste uitinge van hierdie nuwe gewaarwordinge was die ondersteuning wat van Afrikanerkant vir die stigting van 'n Vrystaatse tak van die Afrikanerbond uitgegaan het. Alhoewel president Brand in 1881 tydens 'n toespraak te Smithfield 'n poging aangewend het om 'n demper op hierdie geesdrif te plaas, het dit die groei van die idee van Afrikanerskap nie gestuit nie.⁸

Die antipatie wat president Brand vir die Afrikanerbond gehad het, is deur Fraser gedeel. Die gevoel was dat die Vrystaat 'n organisasie met die doel en die strewe van die Afrikanerbond nie nodig gehad het nie, omdat die volk van die Vrystaat reeds so heg tot 'n eenheid saamgesnoer was. Beide was daarvan onbewus dat hierdie uitinge eintlik die groeipyne van 'n beweging was wat dwarsoor Suidelike Afrika kenbaar sou word en wat met die Jamesoninval 'n hoogtepunt sou bereik. Fraser was egter nie teen die Afrikaner as sulks gekant nie, maar sy antipatie teen die strewe van die Afrikanerbond, veral in soverre as wat dit nouer vereniging met die Transvaal voorgestaan het, het op duidelike politieke oorweginge berus. Volgens hom was so 'n aansluiting direk in stryd met die beleid van 'n neutrale Vrystaat en hy sien dus in hierdie beweging 'n gevaar, 'n gevaar wat sy ideële Vrystaat bedreig omdat die Transvaal vir hom die kookpot van alle onrus en die toonbeeld van onstabiliteit was. Hy besef dat in die Transvaal se twis met Brittanje die moontlikheid van 'n oorlog opgesluit lê, 'n oorlog wat vernietiging sou meebring en waarvan hy die Vrystaat wou spaar deur 'n verbintenis met hierdie staat te verhoed. Toe latere presidente van die Vrystaat hulself alhoemeer in hierdie rigting begin beywer het, het hy homself 'n onversetlike teenstander daarvan getoon en herhaaldelik teruggegryp na die Brandperiode om dit as die model aan die Volksraad voor te hou. Tog kan hy nie beskuldig word dat hy in totale slaafse aanbidding vir genoemde periode verval het nie, maar hy het hom deur die praktyk laat lei, het hom met veranderde omstandighede op hoogte gebring en eers dan 'n standpunt ingeneem wat met krag en vuur verdedig is.

Sy botsing met diegene wat hulle vir vereniging van die Republieke beywer het, het tydens president Reitz se ampstermyn in hewigheid toegeneem en hy het selfs met die President daarvoor telkens in felle botsing gekom. Hy beskuldig Reitz dan ook dat hy nie die nodige takt gebruik

7. Fraser, J. G., *op. cit.*, pp. 62-63.

8. *Ibid.*, pp. 76-82.

om sy verhouding tot die Volksraad te harmoniseer nie.⁹ Tot wrewel van Reitz verval Fraser in die gewoonte om herhaaldelik voorbeelde uit die Brand-régime aan hom en aan die Volksraad te wil voorhou.

Dit was egter veral met M. T. Steyn dat Fraser in heftige botsing sou kom. Steyn word vandag erken as een van die grootste voorstanders van die Afrikaner-ideale. Fraser het die jong regsgeleerde met sy terugkeer uit die buiteland in sy praktyk opgeneem en gehelp om op sy voete te kom. Deur Steyn se huwelik met Rachel Isabella Fraser, 'n niggie van John, het hulle boonop familie geword. Tog kon die twee kragtige figure mekaar op ideologiese gebied nie vind nie en dit het aanleiding gegee tot verskille op talle ander terreine. Fraser het die onverbondenheid van die Vrystaat met Transvaal voorgestaan as waarborg vir die voortbestaan van die Republiek in 'n moontlike konflik met Brittanje, terwyl Steyn geglo het dat die wel en weë van die twee Republieke ten nouste verbonde is.¹⁰ Steyn kon Fraser sy koel houding jeens hierdie saak wat hom so na aan die hart gelê het, nie vergewe nie, terwyl lg. Steyn weer beskuldig het dat hy besig was om die onafhanklike voortbestaan van die Vrystaat in die weegskaal te plaas. Op grond van hierdie argument het Fraser gedurende 1896 Steyn tydens die presidensiële verkiesingsveldtog teengestaan, maar die invloed van die Jameson-inval het meegehelp om Steyn met 'n groot meerderheid aan bewind te stel.¹¹

Na die Jameson-inval is met hernude ywer pogings aangewend om 'n offensiewe en defensiewe verdrag tussen die twee Republieke totstand te bring. Die weg daartoe is aanvanklik voorberei deur verskeie konferensies oor sake van gemeenskaplike belang, soos o.a. 'n Tolverbond en 'n Uitleweringsooreenkoms. Fraser het hierdie politieke spel met lede oë gade geslaan. Hy was in die begin gewillig om as lid van sodanige afvaardigings te dien, maar op grond van sy oortuigings en omdat daar, volgens hom, by die benoeming van die lede 'n mate van diskriminasie teenoor andersdenkendes van Afrikanerkant plaasgevind het, onttrek hy hom van deelname.¹²

Sy ideale vir die Vrystaat en die feit dat hy dit openlik verkondig het, het 'n botsing met president Kruger van die Transvaal onvermydelik gemaak. Fraser het die President onomwonde veroordeel dat hy deur sy kortsigtigheid op 'n botsing met die Britse kroon afgestuur het, terwyl Kruger weer op sy beurt tydens 'n konferensie te Potchefstroom aan Fraser sou gesê het: „Voorzitter, jy is altoos teen my.”

Die sluiting van 'n militêre ooreenkoms tussen die twee Republieke moet toegeskryf word aan die feit dat die Jameson-voorval deur die staatsmanne van beide Republieke as 'n aanslag deur die Imperialisme op die Afrikanerrepublikanisme gesien is. Hierdie ooreenkoms is deur Fraser as 'n stap wat die Vrystaat kan vernietig en as die skending van die enigste waarborg vir onafhanklikheid, nl. neutraliteit, verdoem. Die waarheid is

9. Fraser, J. G., *op. cit.*, pp. 169-177.

10. Kieser, A., *President Steyn in die Krisisjare*, pp. 197 en 127.

11. Fraser, J. G., *op. cit.*, p. 163.

12. *Ibid.*, p. 164.

egter dat Brittanje net met 'n onverbonde, neutrale Republiek tevrede sou wees indien dit pro-Brits gesind was. Net so min soos Britse imperiale belange 'n Afrikaner-republiek aan die oorkant van die Vaalrivier sou toelaat om voort te bestaan, net so min kon dit 'n neutrale Afrikaner-republiek aan die duskant ongeskonde laat. Die lot van die Vrystaat was dus saam met dié van die Transvaal verseël toe die Imperiale Kantoor sy besluite teen lg. gefinaliseer het.¹³

Fraser self het nie aktief aan die oorlog deelgeneem nie, maar sy twee seuns, Allan en Norman, is aan Boerekant opgekommandeer. In Bloemfontein tree hy egter op as lid van die Finansiële Komitee met toesig oor oorlogsuitgawes, terwyl die beskerming van die burgerlike bevolking en hul eiendom ook sy aandag geniet het. Tydens die verdediging van die hoofstad word hy lid van die Komitee vir Openbare Veiligheid, wat die stad, nadat die Boeremagte dit verlaat het, aan Lord Roberts oorhandig het. Sy mensliewendheid tree gedurende hierdie tydperk sterk na vore. Dit blyk o.a. uit die feit dat hy na die welsyn en belange van die krygsgevangenes, wat in die Fort aangehou is, omgesien het.

Bo en behalwe Fraser se rol op politieke gebied gedurende die Republikeinse periode, toon hy ook op ander terreine 'n lewenskragtigheid en ywer van 'n onderskeidende aard. Sy optrede het voortdurend getuig dat hy die belange van sy mense na aan die hart gedra het en dat hy die vooruitgang en ontwikkeling van die Vrystaat altyd in dié lig gesien het. Dit was bv. sy beslissende stem wat die verlenging van die spoorverbinding met die Kaap moontlik gemaak het, terwyl hy hom ook vir die aanlê van telegraafverbindings beywer het.¹⁴ Hy dien ook op 'n groot verskeidenheid van organisasies en was o.a. vir 25 jaar sekretaris van die Raad van Trustees van Grey Kollege en Eunice en vir 34 jaar Sondagskool-superintendent van die N.G. Kerk te Bloemfontein.¹⁵ In sy persoonlike korrespondensie is daar talle briewe van beide Engels- en Afrikaanstaliges wat by hom in tyd van benoudheid om raad aangeklop het, of in tyd van nood om geldelike bystand gevra het. Dankbare briewe getuig dat hierdie persone gewoonlik nie met leë hande weggestuur is nie. Vir welsyns- en ander organisasies het hy ook ruimskoots in die vorm van gereelde donasies voorsiening gemaak.

Gedurende die periode van herstel na die Anglo-Boere-oorlog dien hy as voorsitter van die Sentrale Repatriasiekomitee in die O.R.K. Die intieme vriendskap wat daar tussen hom en Sir Hamilton Goold-Adams ontstaan het, het verseker dat hierdie amptenaar goed op hoogte van openbare strominge in die gebied gehou is. Hierdie feit lei dan ook daartoe dat hy vanaf 1904 as afgevaardigde in die Inter-koloniale Raad dien. Hierdie was nie die enigste erkenning wat Fraser van Britse kant ontvang het nie. Kort voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog is hy deur premier Schreiner van die Kaapkolonie genader om sy dienste as kabinetslid aan

13. Marais, J. S., *The Fall of Kruger's Republic*, p. 79 ev.

14. Fraser, J. G., *op. cit.*, p. 169.

15. *The Friend*, 22 Junie 1927, p. 5.

die Kaap beskikbaar te stel — 'n aanbod wat hy van die hand wys.¹⁶ In 1903 word hy verkies tot lid van die Wetgewende Raad van die O.R.K. en gedurende 1905 word 'n Sir-skap aan hom toegeken. Van Afrikanerkant is Fraser egter steeds gewantrou.¹⁷ Hulle het hom nie vergewe dat hy in 1867 'n memorandum teen die voortgesette onafhanklikheid van die Vrystaat onderteken het nie en dat hy, volgens hulle, byna ywerig was om Bloemfontein in 1900 aan die Britte te oorhandig nie.

Die finale verwydering tussen Fraser en die Afrikaners van die Vrystaat het gekom toe die Britse regering hom bereid verklaar het om verantwoordelike bestuur aan die Vrystaat toe te ken. Soos in 1867, vereenselwig Fraser homself met diegene wat teen so 'n stap was en hy gaan selfs so ver om gedurende 'n besoek aan Londen 'n poging aan te wend om die Britse Koloniale Staatssekretaris daarteen te probeer beïnvloed. Fraser het gevoel dat dit noodsaaklik was om eers die idee van vreedsame naasbestaan aan die inwoners van die Vrystaat tuis te bring. Dit sou onder verantwoordelike bestuur baie moeilik kon plaasvind vanweë die moontlikheid dat 'n rasseverdeling en -groepering kon volg. Buitendien administreer die Kroon Koloniale Regering die gebied so doeltreffend dat dit reeds besig was om die vertroue van die Boerebevolking te wen en dit sou dus eintlik dwaas wees om die stelsel nou omver te werp. Hy staan dus verantwoordelike bestuur voor, maar op 'n heelwat latere stadium. Daarby sou die Vrystaat nie oor die nodige breinkrag en leiers beskik om beide 'n regering en 'n effektiewe opposisie te vorm nie, 'n stelsel waarsonder verantwoordelike bestuur 'n klug sou wees.¹⁸

Die vraag is of Fraser hom weereens bloot op politieke grondslag teen verantwoordelike regering uitgespreek het en of sy siening hierdie keer nie meer op imperialistiese inslag gegrond was nie. Was hy moontlik bevrees vir die oorheersende invloed van die plattelandse Afrikaner en 'n moontlike herlewing van die ou republikeinse ideale? 'n Feit wat nie weggeredeneer kan word nie, is dat die amptelike opposisie wat hy gevorm het in die *Constitutional Party*, oorgehel het na die Britse Imperialisme. So skryf 'n politieke beriggewer van *The Standard* aan hom: „ . . . wishing you every success in your efforts to stem the tide of anti-Imperialism”.¹⁹ Daarnaas bestaan ook duidelike bewyse dat die amptelike mondstuk van die *Constitutional Party*, *De Volksbode*, alle moontlike morele steun van die *Argusgroep* ontvang het.²⁰

Die groeiende verwydering tussen die Frasiergroep en die Afrikaners in die Vrystaat, het groot onrus in die party-geledere van die *Constitutional Party* veroorsaak en talle pogings is aangewend om hierdie vervreemding teen te werk — so word selfs 'n vaste reklame agent aangestel. Die organisasiewerk was ongelukkig nie altyd na wense nie, sodat dit én die stigma wat daar aan hul leier gekleef het, hul saak by voorbaat verongeluk

16. Balow, Arthur C., *Almost in Confidence*, p. 31.

17. J. G. Fraser-versameling, Groep 313, C. C. Botma aan Fraser, 1 Mei 1907.

18. Fraser, J. G., *op. cit.*, pp. 334-335.

19. J. G. Fraser-versameling, J. C. Cruise aan Fraser, 1 Maart 1907.

20. *Ibid.*, L. Philips aan Fraser, 5 Desember 1906.

het. Nogtans slaag Fraser daarin om in 1907 as lid van die Bloemfonteinse kiesafdeling tot die Wetgewende Vergadering verkies te word.

Na verlening van verantwoordelike bestuur aan die Vrystaat en Transvaal, het die agitatie vir die totstandbring van 'n verenigde Suid-Afrika vinnig veld gewen. Sir John, in sy hoedanigheid as leier van die opposisie, is deur die Vrystaatse regering uitgenooi om as lid van die gebied se afvaardiging aan die Nasionale Konvensie deel te neem. Sy gesondheid het hom egter nie toegelaat om die uitnodiging te aanvaar nie en in sy plek word mnr. Albert Brown benoem. Fraser se party het daarop die regering beskuldig dat lg. bewus was van die feit dat Fraser die vergaderings nie sou kon bywoon nie en dat hulle sy onttrekking misbruik het deur nie die keuse van 'n plaasvervanger aan die opposisie self oor te laat nie, maar 'n persoon aangewys het wat maklik deur die Afrikaansgesindes beïnvloed kon word.²¹ Sodoende is die opposisie sonder sterk verteenwoordiging gelaat. Na Unie-ording tree sir John in verband met die afbakening van die pligte van die Senaat weer prominent na vore en dien ook as Vrystaatse Senator tot 1920. Hier spreek hy hom sterk uit teen die stelsel van Provinsiale Rade wat nie slegs geldverkwistend is nie, maar ook te veel mag vir hulself toeëien.

Op sy vyf-en-tagtigste verjaardag verklaar sir John: „ . . . This is my country. I have always devoted myself to the interests of the Free State . . . ”, 'n stelling wat onderskryf kan word omdat hy altyd uit die krag van sy oortuiging opgetree het.²² Alhoewel Fraser dus eintlik in 'n streng Britse klimaat opgegroeï het en aldus noodwendig Britse tendense in sy lewe sou openbaar, is dit duidelik dat hy saam met sy mede-Afrikaansspreekendes in die Vrystaat gewerk het om die staat uit te bou en te beveilig ooreenkomstig sy vooropgesette idees. 'n Bewys hiervan is dat hy deur die oorwegend Afrikaansgesinde Volksraad vir 12 jaar lank as voorsitter aangewys is. Op 22 Junie 1927 is dié kleurvolle persoonlikheid na 'n gebeurtenisvolle loopbaan in Bloemfontein oorlede.

S. F. Malan.

21. Barlow, Arthur G., *op .cit.*, p. 130.

22. *The Friend*, 22 Junie 1927, p. 5.